**AFRIKAANS IN DIE 21ste EEU**

**Prof H Russel Botman,**
**Rektor en Visekanselier, Universiteit Stellenbosch, en**
**Direksievoorsitter, Klein Karoo Nasionale Kunstefees**

**Die Vierde Jaarlikse Mathews Phosa-lesing,**
**Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM), Paarl, 12 Augustus 2010**

---

Dankie, voorsitter. Goeienaand, dames en here. Dit is 'n voorreg om vanaand hier te kan wees. Ek verneem die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM) skop met hierdie vierde jaarlikse Mathews Phosa-lesing sy 35ste bestaansvieringe af.

Hoe het die wêreld nie die afgelope 35 jaar verander nie! In 1975 was die faksmasjien die toppunt van kommunikasietegnologie. Deesdae is e-pos al ou nuus en is almal op *Facebook* – ja, selfs die Universiteit Stellenbosch en die Taalmonument, gaan kyk gerus.

Tegnologiese ontwikkelings die afgelope dekade of twee, drie het van die wildste voorspellings van die wetenskapsfiksie oortref. Namate ons vermoë om vinniger te kommunikeer en te reis verbeter, word die wêreld toenemend kleiner. In die ou wêreld kon ons nog laer getrek het; in die *global village,* of wêrelddorpie, waarin ons vandag leef, is ons almal baie nou aan mekaar verbonde. Al probeer jy in die laer kom, vind jy uit hy het oopgemaak op allerlei maniere.

Die wêreld word ook slimmer, met 'n mikroskyfie in elke denkbare toestel en ingeboude intelligensie in omtrent alles, van medisyne tot biotegnologie.

Ons tydvak staan as die Inligtingsera bekend, ter erkenning van die feit dat die belangrikste kommoditeit nie meer 'n spesifieke natuurlike hulpbron of industriële produk is nie, maar kennis sigself. En dié kennis word in taal oorgedra.

Kortom, 'n dekade die 21ste eeu in, is dit duidelik ons leef in 'n tyd van "superkompleksiteit" (Barnett). Dít is opwindend, maar ook uitdagend.

WIE SE 21STE EEU?

Die ironie is dat een van ons grootste uitdagings is dat die 21ste eeu nog nie vir almal aangebreek het nie, ongeag wat op die kalender staan. Daar is 'n klomp mense wat agtergebly het. Dit laat die vraag onstaan, "Wie se 21ste eeu is dit?" (Lange, 2010).

In groot dele van ons land en die res van die wêreld voer mense steeds 'n stryd om hul basies behoeftes vervul te kry – genoeg kos om te eet en skoon water om te drink, 'n dak oor die kop, vrede en veiligheid op straat, 'n ordentlike werk met 'n billike salaris, gehalte-onderwys – die goed waaroor ons nie moes baklei het in die 21ste eeu nie; die goed wat ons opgelos moes gehad het in die 21ste eeu.

Daar is meer as genoeg hulpbronne om almal 'n menswaardige bestaan te laat lei, maar slegs 'n klein minderheid mense bevind hulle in dié posisie. Die meeste mense benodig steeds 'n brug na 'n beter toekoms.

My boodskap vanaand is dat Afrikaans vir almal 'n brug na 'n beter lewe kan wees.

Afrikaans-as-brug is natuurlik nie 'n nuwe konstruk nie, soos blyk uit die volgende aanhaling van NP van Wyk Louw op die Taalmonument hier op die Paarl-rots:

> *Afrikaans is die taal wat vir Wes-Europa en Afrika verbind… Dit vorm 'n brug tussen die groot helder Weste en die magiese Afrika…*

Ek stem nie met Van Wyk Louw se tweedeling tussen helder Weste en donker Afrika saam nie, maar ek dink hy is in die kol met ŉ ander deel van sy aanhaling:

> *Ons taak lê in die gebruik wat ons maak en sal maak van hierdie glansende werktuig…*

TALLE TONGE

Op een vlak verskil ons "glansende werktuig" nie van enige ander taal nie – Afrikaans is in die eerste instansie 'n kommunikasiemiddel.

Ons weet almal egter taal is veel meer as net dit. Oudpres. Nelson Mandela het dit as volg gestel:

> *As jy met 'n man praat in 'n taal wat hy verstaan, praat jy met sy verstand. Maar as jy met hom in sy eie taal praat, praat jy met sy hart.*

Volgens Statistiek SA is Afrikaans die derde grootste taal in die land ná Zulu en Xhosa. Afrikaans het 6,2 miljoen moedertaalsprekers en 10 miljoen tweedetaalsprekers.

En dit gaan oor meer as demografie. Afrikaans is belangrik vir die ekonomie omdat hy:

- 16% van die verbruikersmark besit;
- 28% van die koopkrag; en
- 32% van huishoudings met 'n inkomste van meer as R20 000 per maand.

Geen taalgroep is egter homogeen nie. Die Afrikaanse rand is dalk magtig, maar gelykberegtigend is hy nog nie. En daarin lê vir ons ŉ uitdaging opgesluit – om ons "glansende werktuig" vir die ekonomiese bemagtiging van álle Suid-Afrikaners te gebruik.

Die volgende aanhaling uit Mathews Phosa (1996) se gedig, "Talle Tonge", dien as antwoord op Van Wyk Louw se uitdaging:

> *Talle tonge het ek*
> *een tong op ŉ gegewe oomblik*
> *ŉ tong om te sny*
> *ŉ tong om te salf*
> *Ek het talle tonge*

Dít is die keuse waarvoor ons as liefhebbers van die "glansende werktuig" gestel word: ons kan afbreek of opbou, verdruk of ophef, verdeel of versoen, "sny" of "salf".

In 1975, toe die Taalmonument opgerig is, was apartheid op sy hoogtepunt, en Afrikaans se grootste krisis – Soweto, 1976 – net om die draai. Vandag het die taal die gulde geleentheid om ŉ deurslaggewende bydrae tot bevryding, opheffing en vooruitgang te lewer.

Dít is nou nie ŉ nuwe rol vir Afrikaans nie. Dink maar aan die rol van organisasies en maatskappye soos die Genootskap vir Regte Afrikaners, die Helpmekaarvereniging, Nasionale Pers, Sanlam, Volkskas, Avbob, Santam, die Afrikaner Broederbond, die FAK en die ATKV van vervloë tye. Maar dié keer hoef die taal nie net sy wit sprekers die Beloofde Land in te lei nie. Die taal se politieke kettings is afgewerp, die laer is oopgebreek, die 21ste eeu het aangebreek, en nou kan daar in Afrikaans geregtigheid, gelykheid en vooruitgang vir almal nagestreef word – bruin, swart en wit. Ons almal se tonge is tog die *symste* pienk, met apologie aan Koos Kombuis (1990).

AFRIKAANS IN DIE HOëRONDERWYS

ŉ Matriekleerder van Atlantis sê nou die dag sy lees in die koerante van die "bohaai" oor Afrikaans op Stellenbosch. Dit laat haar wonder – gaan sy in die toekoms nog in Afrikaans by ons kan kom swot?

As u ook gewonder het, die antwoord is ’n onomwonde “Ja”. Die Universiteit Stellenbosch (US) is verbind tot die gebruik en volgehoue ontwikkeling van Afrikaans as akademiese taal in ’n meertalige konteks, en in die konteks van die 21ste eeu met sy superkompleksiteit. Al ons landstale is bates wat menslike potensiaal kan help ontsluit.

Dit is hoekom die Universiteitsraad verlede jaar besluit het om ’n vaste plek vir Afrikaans te waarborg. Ten minste 60% van ons voorgraadse onderrigaanbod die afsienbare toekoms sal in Afrikaans wees.

Laat ek dit duidelik stel: Stellenbosch bly ’n universiteit waar Afrikaans die hoofonderrigtaal is.

Die 60%-syfer is die minimum – nie die maksimum nie. Dit waarborg die posisie van Afrikaans en stel die Universiteit in staat om te kan sê dat ’n Afrikaanssprekende student by die US voorgraads in sy of haar moedertaal kan studeer, maar met blootstelling aan Engels óók in die leersituasie.

As Afrikaans ons erns is, hoekom hoegenaamd Engels? Eerstens, om Stellenbosch meer toeganklik vir almal te maak, met inbegrip van studente wat vaardiger in Engels as Afrikaans is; en tweedens, omdat niemand en niks behalwe ’n volstruis met sy kop in die sand kan leef nie.

Ons uitdaging as universiteit is om ook mense nader aan mekaar te bring, en hulle te leer om net die kop te lig en die voet oor die kultuurgrens te sit, en te sien hoe groei verhoudinge in die nuwe, komplekse wêreld.

Onder die Britse koloniale beleid van verengelsing is daar gepoog om Afrikaans dood te wurg. Dít het CP Hoogenhout (Claassen et al, 2007), die leier van die Genootskap vir Regte Afrikaners wat oormore (14 Augustus 2010) presies 135 jaar gelede in hierdie einste Paarl gestig is, gedryf tot sy bekende weeklag:

> *Engels! Engels! Alles Engels! Engels wat jy sien en hoor;*
> *In ons skole, in ons kerke word ons moedertaal vermoor.*

Dis egter nie meer 1875 nie. Die winde van verandering het uiteindelik ook oor die suidpunt van Afrika gewaai, en nou het ons elf grondwetlik verskanste amptelike tale, insluitend Afrikaans.

Ons moet Afrikaans beskerm en laat groei, maar ons kan dit nie in isolasie doen nie. Afrikaans kan slegs beskerm word as dit beskou word as ’n taal tussen ander tale. Wat nodig is, is ’n soort linguistieke ubuntu, dit wil sê ’n taal is ’n taal deur ander tale, saam met ander tale.

Hoe om te lewe in ’n meertongige wêreld – dít is die uitdaging van die 21ste eeu. Ons wêrelddorpie moet ’n plek wees waar ’n veelvoud tonge los kan raak.

Daar het tot dusver nie genoeg gekom van Suid-Afrika se verklaarde verbintenis tot veeltaligheid nie. Wat neig om in die praktyk te gebeur is dat Engels bo die land se ander amptelike tale verhef word.

Die onderwyssektor is geen uitsondering nie. Engels is meer algemeen in skole en tersiêre instansies as in die verlede. Afrikaans het minder dominant geword, en die land se ander inheemse tale is nog slegter daaraan toe.

Afrikaans staan egter steeds redelik sterk as ’n onderrigmedium – beide op skool en universiteit – in vergelyking met ander inheemse tale. Daarvoor het hy sy vlak van ontwikkeling te danke.

Die taal het in net meer as ’n eeu gevorder van die skurk in die verhaal tot die held – vanaf geminagte “kombuistaal” tot volwaardige hoërfunksie taal wat daartoe in staat is om die mees gevorderde en ingewikkelde konsepte van die letterkunde, filosofie, wetenskap, die regswêreld, die handel, ens. op gelyke voet met die voorste wêreldtale te verwoord.

Afrikaans het egter ook in die ander rigting beweeg – van die held na die skurk. Die keerpunt het een koue wintersoggend in Junie 1976 gekom toe skoolkinders wat geprotesteer het teen die pogings

van die destydse NP-regering om wat beskou is as die "taal van die verdrukker" in hulle kele af te druk, platgeskiet is deur polisiemanne in Soweto.

Mens sou dink dít was voldoende om swart mense van Afrikaans af te sit, maar dit sou ’n oorvereenvoudiging wees, gebaseer op rassistiese stereotipering. Ten spyte van die Afrikanernasionaliste se beste pogings om die taal vir die volk te eien en dit van alle "donker invloede" te reinig, het Afrikaans steeds meer swart (in die breedste sin van die woord) as wit sprekers.

Die uitdaging is om elke próé van Afrikaans te bevorder op die tonge van alle mense. Ons moet in ag neem ons het verskillende variante van Afrikaans, en dat dáárin ook ongelykhede opgesluit lê – die ongelykheid van geleenthede, die ongelykheid van toegang.

Ek twyfel nie dat ons verskillende soorte Afrikaans omarm gaan moet kry nie. Dit gaan gebeur. Dis hoekom ek verbind bly tot Afrikaans wat die volgende geslag op ’n nuwe manier met ubuntu gaan beleef en bedryf.

Die sukses van die produksie *Afrikaaps* vroeër vanjaar by die KKNK was nie per toeval nie. Daar het ’n verskuiwing plaasgevind in die taalgemeenskap. ’n Verskeidenheid tonge eis ’n gelyke spreukbeurt op in ons land en in Afrikaans, op verskillende platforms.

Dít is ’n wêreldwye verskynsel. Globalisering en die superkompleksiteit wat daarmee saamgaan maak dit nog dringender vir ons om op omhelsende, versoenende manier oor ons talle tonge na te dink. Dis nie meer ’n kwessie van klein en groot tale nie. Almal moet hierdie uitdaging aanvaar, want ons is terselfdertyd globaal én lokaal.

Mense vergelyk Suid-Afrika dikwels met ander lande – Nederland, Frankryk, Duitsland – waar eentalige universiteite in ander tale as Engels sterk staan. Suid-Afrika is egter nie ’n enkeltalige land nie. En die ironie is dat selfs in enkeltalige lande soos Nederland is "internasionalisering" al hoe meer ’n wagwoord in die hoëronderwys. Engels word toenemend gebruik om ’n diverse groep studente te akkommodeer.

Ons situasie is nie soos in België waar Vlaams in stryd met Frans is nie. Afrikaans is nie in stryd met ander landstale nie; Afrikaans soek ’n tuiste tussen Suid-Afrika se ander tale. Die taalstryd in België breek daardie land op in taalgroepe wat baie na aan etniese spanning kom. Ons het genoeg gehad van sulke verdeeldheid. Hier wil ons ’n nasie bou, en dis iets waarin meertaligheid ’n groot rol te speel het.

Die les van 16 Junie 1976 is dat taal nooit weer gebruik mag word om enigeen van geleenthede uit te sluit nie. Die les van 27 April 1994 is dat die land – en sy bates – aan almal behoort.

Dít is hoekom nie een van die voormalige wit en Afrikaanse universiteite – Stellenbosch, Pretoria, Potch, Vrystaat en Johannesburg – meer uitsluitlik wit en Afrikaans is nie. Elke mens het die reg om ’n Matie, Tukkie, Puk, Kovsie of Joburger te wees. En groter diversiteit doen dié plekke goed.

In my inhuldigingstoespraak in 2007 het ek gesê ons "kan slegs gelukkig voel oor billike toegang wanneer die dogter van die plaaswerker dieselfde toekomsgeleenthede het as die seun van die plaasboer".

In ons deel van die wêreld is die kanse goed dat dié dogter bruin en Afrikaans is – en boonop arm. As ons ernstig is in ons billikheidstrewe kan ons mos nie anders as om die Universiteit Stellenbosch ook haar tuiste te maak nie, of hoe?

Diegene wat spoke opjaag deur aan te voer Stellenbosch laat Afrikaans doodbloei omdat ons transformeer, is verkeerd. Ons kan dit nooit doen nie – nie soseer omdat ons verknog is aan die taal nie, maar gewoon omdat Afrikaanssprekendes deur die taal toegang tot hoëronderwys kry.

Hoëronderwys werk vooruitgang in die hand, so daar waar die behoefte aan ontwikkeling die grootste is, is hoëronderwys die nodigste.

ʼn Groot persentasie arm bruinmense op die platteland gaan onder armoede gebuk, maar ongelukkig is die deelnamekoers van veral Afrikaanssprekende bruin leerders aan hoëronderwys bitter laag. Trouens, dis die laagste van alle groepe.

In die ouderdomsgroep 20 tot 24 jaar neem slegs 5% Afrikaanssprekende bruines aan hoëronderwys deel. Die deelnamekoers vir swartes is 12%, vir Indiërs 48% en vir wittes 57%.

Vir die US om Afrikaanssprekende bruin leerders te werf is nie ʼn foefie om die rassesamestelling van sy studentekorps te verbeter nie – dis om ʼn nasie te bou. En ons doen dit ook nie omdat ons bang is vir iemand of onder iemand se druk swig nie – dis ons morele plig.

Daar is ʼn interessante ding aan die gebeur. Die kinders van 1976 keer terug na hul eie taal. Hulle vind hul eie Afrikaanse tong al meer, hulle praat al meer Afrikaans met mekaar, met ander mense.

Húl kinders word meertalige 21ste eeuse burgers. Hulle beweeg van taal tot taal met ʼn ratsheid wat ons nie geken het nie. Hulle beweeg met vrymoedigheid in ʼn ubuntu van tale rond, leer selfs ʼn derde tongval aan, onbevrees dat iets verlore sal gaan, maar met die gevoel ons kan iets deel met meer mense.

In hul wêrelddorpie ervaar hulle dat suiwer enkelmedium Afrikaanse skole al minder raak. Die realiteit is dat bruin leerders al hoe meer Engels as huistaal het en as onderrigtaal kies.

Al hoe meer skole wat tradisioneel Afrikaans was, het parallelmedium of Engelsmedium geword. Afrikaans is nie meer die voorkeurtaal van bruin leerders in veral die voorstedelike gebiede nie.

Maar, uit die 2008 All Media Products-ondersoek blyk dit dat bykans 75% van die bruin Engelssprekende (hoofsaaklik stedelike) gemeenskap ook Afrikaans in die huis praat en ook Afrikaanse koerante en boeke lees. Hoewel hulle Engels verkies, funksioneer hulle reeds binne ʼn Afrikaanse omgewing, wat deels deur hul ouers in stand gehou word, wat maak dat hulle 21ste eeuse mense raak op ʼn manier wat ouers somtyds nie eens besef hulle doen nie. Hulle sal hulle dus gemaklik by die Universiteit Stellenbosch kan inpas.

Ons Sentrum vir Voornemende Studente besoek jaarliks ongeveer 250 skole, waarvan ruim 40% histories benadeelde bruin skole is. Die persentasie Afrikaanse bruin leerders wat vir universiteitstoelating kwalifiseer, is egter laag.

Wat doen ons aan hierdie probleme? Ons het besluit om nie stil te sit nie. Ons verleen bystand aan skole en ons staan ons studente by. Ek noem ʼn paar voorbeelde.

- Ons is deur ons skolevennootskapprojek betrokke by 24 skole in die groter Stellenbosch-omgewing. Ons staan onderwysers en skoolhoofde met kapasiteitsbou by.
- Ons Afdeling Interaktiewe Telematiese Dienste beeldsend in samewerking met die Wes-Kaapse Onderwysdepartement regstreekse lesings deur top onderwysers na 120 skole oor naweke. Hierdeur ontvang 14 000 Graad 12-leerders ekstra opleiding in ses skoolvakke. Die projek is so suksesvol dat ons reeds versoeke ontvang het om dit na die Vrystaat en die Oos-Kaap uit te brei.
- SciMathUS open toelatingsdeure vir studente uit benadeelde gemeenskappe wat nie aan die toelatingsvereistes voldoen nie, maar bereid is om baie hard te werk. Die 10-maande lange program het plek vir 100 studente per jaar, en hulle kry ʼn tweede kans om matriek-wiskunde en -wetenskap te skryf, en ons slaagsyfer is baie hoog.
- Ons verskaf ongeveer 300 beurse aan meestal bruin studente op grond van akademiese meriete.

- Ons Eerstejaarsakademie is die eerste in sy soort in die land. Monitering, vroeë assessering, mentors en tutors het ons gehelp om ons eerstejaarslaagsyfer na 87% op te stoot. Taalbemagtigting in Afrikaans, Engels en Xhosa is deel van hierdie inisiatief.

SLOT

Ek is 'n kind van 1976. Ek was destyds 'n studenteraadslid aan die Universiteit van Wes-Kaapland, waar die skokgolwe van Soweto ook vasgeslaan het. Ek het gesien wat die gevolge van 'n onregverdige taalbedeling kan wees, en ek het daaruit lesse probeer leer.

Toe ek 31 jaar later as rektor van Stellenbosch aangestel is, het ek die geleentheid gekry om saam met my kollegas te help verseker dat onreg reggestel word.

Wat ons wil regkry is geregtigheid ín Afrikaans – gelykheid van toegang tot geleenthede. Op die spel is nie taal nie, maar die land se toekoms. Op die spel is nie ons vrese nie, maar ons hoop. Ons beskou Afrikaans as 'n taal wat hoop bied; die glansende werktuig van die 21ste eeu wat 'n nuwe ubuntu sal vestig en 'n groot bydrae kan lewer tot die ontwikkeling van ander Afrikatale – die een ding wat Engels nie kan doen nie.

Afrikaans is uiters relevant vir die land en sy mense – mits daar nie opnuut laer getrek word nie, mits ons aanvaar ons leef in hierdie wêrelddorpie, en na mekaar uitreik en insluit word. Dis ons plig om te verseker Afrikaanssprekendes kry deur die taal toegang tot geleenthede om hul lewens en dié van andere te verbeter.

Ek sluit af met die volgende wekroep van een van ons grootste digters, Adam Small (1973), wat nog net so relevant is as toe hy dit destyds ná die sloping van Distrik Ses neergepen het:

> *Klim yt die klippe yt*
> *óp, pêllie,*
> *Klim yt die klippe yt*
> *óp*

Baie dankie.

<u>VERWYSINGS</u>

Barnett, Ronald. 2000. *Realizing the university in an age of supercomplexity*. Society for Research into Higher Education.

Claassen, G, Muller, P, Van Tonder, M. 2007. *Die groot aanhalingsboek*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Kombuis, Koos. 1990. "Swart September", op *Niemandsland*. Johannesburg: Shifty Records.

Lange, Lis. 2010. *Universities in the 21st century: Global discourse and local reality*. Aanbieding by die Universiteit Stellenbosch se Institutionele Beplanningsforum, Winter 2010.

Phosa, Mathews. 2009. *Deur die oog van 'n naald*. Kaapstad: Tafelberg.

Small, Adam. 1973. *Oos wes tuis bes Distrik Ses*. Kaapstad: Human & Rousseau.

-o0o-